

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 3: DIE EERSTE FEESSEISOEN: FEES VAN ONGESUURDE BROOD

INHOUD VAN LES 3:

- ❖ Inleiding en Hersiening.
- ❖ Instelling van die Fees van Ongesuurde Brood.
- ❖ Verwyder alle Suurdeeg.
- ❖ Sonde en die Wet.
- ❖ Bepeins of Bespreek.

INLEIDING

1. Ware vryheid is nie om te doen wat jy wil nie!! Nee, ware vryheid is om die wil van die Vader te doen en Sy wil vir sy kinders is om alle suurdeeg (sonde) uit hulle lewe te verwyder. Dit is die geestelike betekenis van die Fees van Ongesuurde Brood.
2. Met die aanvang van Pesag moet ons reeds dieselfde hartsgesindheid teenoor sonde openbaar as wat Dawid gehad het toe hy met verootmoediging geskryf het:

Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Skep vir my 'n rein hart, o Elohiem, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.

Ps. 51:9 en 12.

3. Met Pesag gedenk ons dit wat YHVH ons Vader deur Yeshua Messias vir ons gedoen het, naamlik ons bevryding van die slawejuk van sonde. Ons gedenk ons sondevergifnis deur geloof in die geslagde Lam van YHVH wat ons sondeskuld uitgedelg het. Die Fees van Ongesuurde Brood, wat die dag na Pesag begin en vir sewe dae duur, is die logiese uitvloeisel van Pesag,

naamlik 'n tydperk van selfondersoek om van die heerskappy van alle sonde bevry te word. Soos Paulus dit in sy brief aan die Romeine stel:

Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van Elohiem as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van Elohiem.

Rom. 6:12 en 13 (Woord en Getuienis)

4. Met hierdie doel voor oë is die *mo'edim* (fees) van Ongesuurde Brood 'n afspraak met die Vader sodat Hy deur Sy Gees ons kan ontsondig en dat ons as gereinigdes voor Hom kan verskyn met 'n onwankelbare gees van bereidwillige gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies – Sy Torah.
5. Die doel van ons bevryding van die slawejuk van sonde is juis dat ons YHVH in gehoorsaamheid aan Sy Torah kan dien. Sonder YHVH se Torah (die wet) kan daar geen vryheid wees nie!! Gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies is die waarborg van vryheid! Dit is die boodskap van die Fees van Ongesuurde Brood. Soos Israel van ouds word ons ook bevry om YHVH ons Elohiem en Vader in die woestyn van die alledaagse lewe te kan gaan dien. Soos Moses tot Farao gespreek het, so moet ons tot die Farao's (die sonde) wat ons nog in gevangenskap hou spreek en sê:

YHVH, die Elohiem van die Hebreërs, het my na u gestuur met die boodskap: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien in die woestyn. Ex. 7:16 (Woord en Getuienis)

Die einddoel van Pesag is om ons vrypraak van die skuldbrief van sonde te gebruik om met 'n dankbare hart gehoorsaam aan Torah te leef.

INSTELLING VAN DIE FEES VAN ONGESUURDE BROOD

1. Die Fees van Ongesuurde Brood begin op die dag na Pesag, naamlik op die 15 van die eerste maand (Nisan).

...en op die vyftiende dag van hierdie maand is die Fees van die Ongesuurde Brode van Yahweh; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees; geen beroepswerk mag julle doen nie. Maar julle moet sewe dae lank aan Yahweh 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n afgesonderde byeenkoms wees; geen beroepswerk mag julle doen nie.

Lev. 23:6 tot 8 (Woord en Getuienis)

2. Die volgende Skrifgedeeltes is verdere bevestiging van hierdie jaarlikse afspraak met die Vader: Ex. 12:15 tot 20; Ex. 13:3 tot 10; Ex. 23:15; Ex. 34:18; Num. 28:17 tot 25; Deut. 16:3, 4 en 8. Hiervolgens leer ons hoe hierdie fees gedenk moes word, naamlik:

- 2.1. Dit moet vir sewe dae gehou word, vanaf die 15 van die eerste maand (Nisan, ook bekend as Abib of Aviv) tot die 21 dag. Dit begin dus die dag na Pesag.
 - 2.2. Die eerste en die sewende dag moet `n heilige vierdag (`n Shabbat, *miqra'ot*) wees en geen beroepswerk mag gedoen word nie. Slegs dit wat deur elkeen geëet word, mag voorberei word.
 - 2.3. Slegs ongesuurde brood mag vir sewe dae geëet word. Geen gesuurde brood of suurdeeg mag in hulle huise gevind word nie. Alle suurdeeg moet verwyder word. Iemand wat gedurende hierdie tyd gesuurde brood eet, moet uitgeroei (afgesny) word.
 - 2.4. Elkeen moet sy kinders die betekenis van hierdie Bestemde Tyd leer en dit moet vir ewig gedenk word.
 - 2.5. Daar moet elke dag `n brandoffer aan YHVH gebring word.
 - 2.6. Niemand mag leeg (met leë hande) voor YHVH verskyn nie (Eks. 23:15).
3. Die wyse wat die Fees van Ongesuurde Brood gevier word is `n sinnebeeld van die volgende geestelike waarhede.
- 3.1. **Sewe dae:** Die getal sewe dui op volmaaktheid en voltooiing. Om die fees vir sewe dae te gedenk, is `n heenwysing na ons strewe om heilig (*kadosh*, afgesonder, *set-apart*) en volmaak te wees (Matt. 5:48; 2 Kor. 13:11 en 1 Pet. 1:15 en 16). Om YHVH se aangewese tye (feeste) en afgesonderde (heilige) vierdae, naamlik Sy Shabatte te gedenk is deel van heiligmaking.
 - 3.2. **Verwyder alle suurdeeg:** Dit is `n afbeelding van die proses om alle sonde (suurdeeg) uit ons lewe te verwyder, sodat ons heilig en volmaak kan wees. Dit is die proses om van alle ongeregtigheid gereinig te word (1 Joh. 1:9). Die Vader verwag van elkeen van Sy kinders om heilig te lewe en volmaak te wees. Dit is `n ewigdurende proses. *Volmaak* beteken om `n volledige of voltooide mens te wees ten opsigte van moraliteit en karakter, sowel as geestelik en verstandelik. *Heilig* beteken om rein (afgesonder, uitgeroep, *set-apart*, *kodesh*) en sonder blaam, asook toegewyd te wees. Indien ons nie alle sonde uit ons lewe verwyder nie, sal ons afgesny word van die regte en voorregte as kind van YHVH. Verwys Eks. 12:15 en 19; Gal. 5:19 tot 21; Heb. 12:14. Om nie die sonde uit ons lewe te verwyder nie, is om teen YHVH te rebelleer.
 - 3.3. **Leer jou kinders:** In Ex. 13:8 lees ons die volgende: *En jy moet jou seun op die dag vertel en sê: Dit geskied terwille van wat YHVH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het.* Ons moet nie net ons kinders van Pesag leer nie, maar ook van die Fees van Ongesuurde Brood (en die ander feestye!!). Ons moet hulle leer dat hierdie `n persoonlike ervaring is *van wat YHVH vir my deur Yeshua gedoen het* en ook vir elke geslag wat glo in die reddende genade

van die Vader. Die feestye moet as teken op ons hand en as gedenkteken tussen ons oë wees, sodat die wet (die Torah) van YHVH in ons mond sal wees.

3.4. **Nie leeg voor YHVH verskyn nie:** Die Afrikaanse vertaling van Ex. 23:15 lees dat niemand met *leë hande* voor YHVH mag verskyn nie, maar die meer korrekte vertaling moet lees dat *niemand mag leeg voor My aangesig verskyn nie*. Die Hebreeuse woord vir *leeg* is *raykawm* (ריקם) en beteken dat ons nie nutteloos of tevergeefs of met ydele bedoelings voor die Vader tydens die Fees van Ongesuurde Brood mag verskyn nie. Dit sal nie 'n "leë" ontmoeting wees nie, met ander woorde leeg van enige inhoud (waarde) nie, maar dit sal die gewenste uitwerking hê!! Indien ons tot die Vader nader met 'n hartsbegeerte vir ontsondiging dan sal Hy dit dit deur die werking van Sy Gees moontlik maak. Dan sal Hy in ons binneste 'n vaste gees van standvastige gehoorsaamheid aan Sy Torah gee.

3.5. **Bring 'n brandoffer:** Die doel van die brandoffer, die *olah* is om nader aan die Vader te beweeg. Tydens die Fees van Ongesuurde Brood word ons daaraan herinner dat ons daaglik ons liggame as 'n lewende, heilige en welgevalle offer aan YHVH ons Vader (Rom. 12:1) bring. Op die wyse beweeg ons nader aan Hom en sal Sy Lig elke stukkie suurdeeg (sonde) uitwys sodat ons dit kan bely en vergifnis ontvang en vry kan wees van elke "Farao" in ons lewe.

4. Pesag is simbolies van 'n nuwe begin. Israel is in Egipte bevry van die slawejuk en het as vrygekoop deur die bloed van die pesaglam nuut begin as YHVH se volk. Onder die hernieuwe verbond is elkeen wat Yeshua Messias as Verlosser aanneem, bevry van die slawejuk van Satan en sonde en begin elkeen 'n nuwe lewe in Messias.

Daarom, as iemand in die Messias is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword 2 Kor. 5:17 (Woord en Getuienis)

5. Die Fees van Ongesuurde Brood is die voorstetting van 'n lewe van vry van die sondeskuld en vry van die heerskappy van Satan. Paulus som die doel van die Fees van Ongesuurde Brood soos volg op:

Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, sê Yahweh; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, sê Yahweh, die Almagtige. 2 Kor. 6:17 en 18 (Woord en Getuienis).

VERWYDER DIE SUURDEEG

1. Paulus skryf in 1 Kor. 5:7 en 8 (Woord en Getuienis).

Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons Pesaglam is vir ons geslag,

naamlik die Messias. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die Ongesuurde Brode van reinheid en waarheid.

Ons moet die suurdeeg (sonde) uit ons lewens verwyder sodat ons nuwe ongesuurde deeg kan wees. Ons moet feesvier deur 'n lewe wat van reinheid en waarheid getuig.

2. Suurdeeg simboliseer sonde, naamlik ongeregtheid (wetteloosheid). Hoekom word suurdeeg as sinnebeeld van sonde gebruik? Die rede is dat suurdeeg is 'n gis en kan geweldig vinnig vermeerder. Een gissel kan in enkele ure onder ideale toestande tot meer as 8 miljoen gisselle vermeerder. 'n Gissel is mikroskopies klein en kan nie met die blote oog gesien word nie, maar die effek van die suurdeeg is duidelik sigbaar.
 - 2.1. Daarom is sonde soos suurdeeg – dit vermeerder baie vinnig en die gevolg is in 'n kort tydjie waarneembaar.
 - 2.2. Suurdeeg (gis) maak die meel (deeg) *suur* en *opgeblase*, bedoelend dat die gis fermenteer en 'n suurderige gissmaak aan die deeg gee, terwyl dit gas (lugblasies) in die deeg vorm wat die deeg in volume, maar nie in gewig nie, laat toeneem. Hierdie simboliseer die hoogmoed en skynheiligheid wat met sonde en 'n gees van godsdienstigheid gepaardgaan (Matt. 23:25 en 26). Sonde maak die mens opgeblase, want die sondaar verhef hom bokant die Wetmaker, naamlik die gesag van YHVH.
3. Suurdeeg se werking is stil en onsigbaar tot op die punt waar die deeg 'n *suur* smaak aanneem en toeneem in volume. Net so is valse leerstellings en sonde wat in mense se gedagtes subtiel en oënskynlik onskuldig geplant word. Aanvanklik is die resultaat onsigbaar, maar met tyd neem dit nuwe vorm aan en bring verandering te weeg.
4. Dikwels is sonde in ons lewe onsigbaar en is dit alleenlik die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) wat dit sigbaar kan maak. Daarom moet ons voortdurend bid en vra dat die Ruach ons harte moet ondersoek (Ps. 51:9, 11 en 12).
5. Ooglopende sonde is dikwels baie makliker om te verwyder. Dit is die sonde van gesindheid en gedagtes wat onsigbaar is en die hele mens *versuur* en dan die verhouding met YHVH die Vader versteur. Verwys na die Tien Woorde (gebooie) (Eks. 20:1 tot 17). Die eerste nege gebooie is ooglopende sonde, terwyl die tiende gebod die gesindheid en gedagtes aanspreek.
6. Yeshua is die ongesuurde brood waarvan ons moet eet, want Hy is sonder sonde. Om hierdie brood te eet is om te eet van die Boom van die Lewe.

En Yahshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Mosheh wat die brood uit die hemele aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemele. Want die brood van Elohiem is Hy wat uit die hemele neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir Hom: Meester, gee ons altyd hierdie brood. Joh. 6:32 tot 35 (Woord en Getuienis).

Wanneer ons egter van *gesuurde brood* (die boom van kennis van goed en kwaad – sonde) eet, word ons hele wese uiteindelik besmet deur misleiding en sonde en word ons afgesny van YHVH se seëninge en bestaan die moontlikheid dat ons nie deel aan Sy Koninkryk sal hê nie.

SONDE EN DIE WET

1. Talle denominasies (kerke, bedieninge) preek nie meer, of preek met groot versigtigheid, oor sonde en dat die loon van die sonde die dood is (Rom.6:23). Die fokus is oorwegend op die eie ek en *voel goed* boodskappe. Sommige gaan selfs so ver as om te sê dat indien sonde, soos homoseksualisme, aborsie, voorhuwelikse seks, ensovoorts veroordeel word, dan word Yeshua se opdrag om nie te oordeel nie oortree (Matt. 7:1 en 2). Die feit dat Yeshua na die aarde gekom het om vir ons sonde te sterf, onderstreep egter die belangrikheid en erns waarmee YHVH sonde beskou. Verwys Jesaja hoofstuk 59 wat dit duidelik uitspel dat daar geen verlossing sonder bekering is nie, naamlik 'n terugkeer na Torah-gehoorsaamheid.
2. Sonde besoedel gees, siel en liggaam. Dit is 'n selfsugtige toestand van die siel en vlees en dit wat die vlees bedink is vyandskap teen YHVH en bring skeiding tussen die Vader en Sy kinders (Rom. 8:7). Sonde is om YHVH se wet (Torah) te oortree (1 Joh. 3:4) en wanneer Torah doelbewus oortree word dan verhef so 'n persoon homself bokant die Allerhoogste se gesag en ontken hy inderwaarheid YHVH as Oppergesaghebber.
3. Torah is YHVH se onderrig en instruksies en leer ons wat sonde is (Rom. 7:7) en daarom is die wet heilig, regverdig en goed (Rom. 7:12). Sonder kennis van YHVH se wet is daar geen wyse wat ons kan bepaal wat skeiding tussen ons en die Vader kan veroorsaak nie. Volgens Torah kan ons vasstel wat strydig met die gesonde leer van die evangelie is, met ander woorde wat sonde is (1 Tim 1:8 tot 10).
4. Daarom is die Fees van Ongesuurde Brood ook 'n afspraak met die Vader waar ons voor Hom wil verskyn en soos 'n Dawid in Psalm 119 die heerlikheid van Torah wil besing. Ons het 'n hartsverlange dat ons oë weer opnuut geopen word om die wonders uit Torah te sien (Ps. 119:18). Ons gebed is:

Yahweh, leer my die weg van u insettinge, sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar. Gee my verstand, dat ek u Torah kan bewaar, ja, dit kan onderhou van ganser harte. Laat my wandel op die pad van u gebooie, want daarin het ek 'n behae. Neig my hart tot u getuienisse en nie tot winsbejag nie. Ps. 119:33 tot 36 (Woord en Getuienis)
5. YHVH se wet is nie opgehef (ontbind) nie (Matt. 5:17 tot 19). Ons is wel vry van die vloek van die wet (Gal. 3:10 en 13), naamlik dat ons nie meer 'n slaaf ('n gevangene) van die wet van sonde en die dood is nie, want ons is deur YHVH se genade deur die wet van die Gees van die lewe in Messias vrygespreek van alle aanklagte (Rom. 8:2). YHVH se eerste prioriteit is om die verhouding met Hom en die mens te herstel. Die tweede prioriteit is om die mens te *ontsondig*, naamlik die verwydering van alle ongeregthede (suurdeeg). Hiervan is Pesag en die Fees van Ongesuurde Brood

onderskeidelik 'n afbeelding. As kinders van die Vader moet ons bereid wees om enige sonde (oortreding van Torah) te konfronteer. Dit is die bedoeling van die Fees van Ongesuurde Brood

My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan Yahweh my oortredinge bely; en U het die ongeregtheid van my sonde vergewe. Ps.32:5 (Woord en Getuienis)

Indien oortreding van Torah jou nie pla nie, moet jy weet dat jou verhouding met die Vader nie reg is nie. Ons moet nie ons sonde ontken of sê dat ons nie gesondig het nie, want dan mislei ons onself (1 Joh. 1:8 en 10).

Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. Spr. 28:13.

6. Sonde het Yeshua 'n folterdood laat sterf – my en jou sonde. Daarom moet ons die sonde haat, want hoe kan ons die “moordenaar” van ons Messias liefhê? Yeshua het alles uit die weggeruim wat skeiding tussen ons en die Vader maak, behalwe een ding, naamlik ons wil, want dit is soewerein. Daarom is dit jou en my keuse of ons wil sondig en of ons kies om alle suurdeeg (sonde) te verwyder.
7. Ons moet onself as dood vir die sonde reken (Rom. 6:11), want ons het saam met Messias gesterf (Rom. 6:6) en is saam met Hom begrawe (Rom. 6:4). Omrede ons saam met Messias gesterf het, het ons ook saam met Hom opgestaan sodat ons as 'n nuwe mens in Yeshua Messias kan wandel (Rom. 6:4 en 5). Daarom moet ons nie toelaat dat die sonde oor ons heers nie (Rom. 6:12) en ook nie onself tot die beskikking van die sonde stel nie (Rom. 6:13).

Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons Pesaglam is vir ons geslag, naamlik die Messias. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die Ongesuurde Brode van reinheid en waarheid. 1 Kor. 5:7 en 8 (Woord en Getuienis)

8. Die Fees van die Ongesuurde Brood is YHVH ons Vader se afspraak met ons. Hierdie fees is 'n herinnering dat 'n lewe van oorwinning oor die sonde in Yeshua Messias 'n werklikheid is.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

1. *YHVH did not save us to make us happy; He saved us to make us holy – Jerry Benjamin.* Ware vryheid en YHVH se seëninge vereis gehoorsaamheid aan Torah. Ware vryheid is ware vreugde en vrede (shalom)!! Dus ware vreugde is 'n Torah-leefwyse.
2. Die Vader het jou lief soos jy is, maar Hy het jou so lief dat Hy jou nie sal los soos jy is nie. Nee, die Vader wil jou deur gehoorsaamheid aan Torah – Sy liefdevolle onderrig – ontsondig om gelykvormig aan Yeshua Messias te wees (Rom. 8:29 en 12:2).

3. Wat beteken dit om YHVH Yeshua te ken? Verwys 1 Joh. 2:3 tot 6

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie.
Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan
onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*